# POLITIEKE TEOLOGIE *

## I

ONS mag die geweldige gisting wat opborrel in die kringe van nasies nie onderskat nie. Wat is dit tog 'n ander wêreld waarin ons lewe? Wat gaan die gevolg wees van die suurdeeg van rewolusie wat orals geplant word? Ons staan maar aan die begin en tog voel elkeen dat dit nie so kan voortgaan nie. Uiteindelik sal onderdrukkende maatreëls nie meer voldoende wees nie; weerhoudende geweld sal swig voor volgehoue aanslae. Iets meer positief sal in die plek gestel moet word wat die gedagtes sal aangryp, die woelgeeste sal kalmeer en die inspirasie sal bring om opbouende en roepingsbewuste uitbouing te bring.

Die kerk het bepaald hierin 'n magtige taak. Ons noem dit gewoonweg 'n sendingroeping, verkondiging van die Evangelie van genade en verlossing deur Jesus Christus aan alle mense en toevergadering van almal wat behoort tot die kudde van Jesus Christus. Dis is mooi, 'n grootse taak.

### Adres waarop gerig

Die vraag is vir die Bybelgelowige of die kerk in staat sal wees om in hierdie rewolusionêre wêreld enigsins 'n indruk te maak? Die antwoord op hierdie vraag moet gevind word deur te let, nie net op *hoe* die kerk sy roeping uitvoer nie, maar op die *adres* waarop die kerk hom rig. *Hoe staan dit met die hoorders van daardie Evangelie.*

Ongelukkig moet 'n mens sê dat die Swartman van Afrika deur oproerige elemente só bewerk word, dat die kerk 'n allermoeilikste toekoms tegemoet gaan. Ongelukkig het die neiging ontstaan — sielkundig so maklik verklaarbaar — dat die Swartman liewer luister na die rewolusie-stemme as na die Evangelie. Die gevolge hiervan kan wees dat die kerk se vredeswoord totaal oorwoeker sal word en uiteindelik sal verdof.

Ja, ons weet die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie en daar sal altyd 'n oorblyfsel wees. Maar die kerk moet tog darem nie ontydig in die smal engtes van vereensaming ingedruk word nie.

### Teen lááste vesting

Wat ons hier gaan bied, is 'n uittreksel uit die jongste propaganda wat gerig word aan die adres van die Swartman van Afrika. Daarmee het die kerk te make — ook ons eie kerk. Dit word genoem: die opkoms van 'n *Swart Teologie*. Ek het dit hierbo genoem 'n *politieke teologie*. In sy wese is dit 'n anti-christelike aanslag teen die laaste vesting van die kerk: om Jesus Christus uit die Evan-

---

* Verskyn in: *Die Kerkblad*, 5 Julie 1972, 8, 9, 11; 26 Julie 1972, 5, 6; 2 Augustus 1972, 8, 9.

gelie uit te lig en van Hom 'n politieke figuur te maak ten dienste van Swart (politieke) teologie.

Die antichris kom met sy valse profeet en suig gif uit dieselfde Godswoord wat die kerk verkondig. Die liberalisme met sy onteiening van alles uit die regte beginsel, is daardie valse profeet. Dit word gedoen met 'n duidelike doel, en dit klink nogal by die eerste oogopslag goed. Hulle wil nie die Swartman speen van Christus nie. Hulle wil juis teen die kerk in opstand bring en die kerke se sendingroeping totaal likwideer. Die kerk sê immers: Christus is ons aller Middelaar. Die liberalis sê: Christus net vir die Swartman. Dit is in wese die Swart teologie.

Ek wil my hier beperk tot die beeld wat vir ons geteken word van Jesus Christus.

Aan ons word gesê dat Jesus Christus in 'n sekere tyd en onder bepaalde omstandighede geleef en opgetree het. Drie sake word besonder onderstreep:

- Jesus se maatskaplike status.
- Jesus se politieke status.
- Jesus as rewolusionêre figuur.

## Maatskaplike status

Die Swart Teologie verkondig dat dit baie belangrik is dat Jesus in 'n b e p a a l d e t y d geleef het en dat ons nooit sy woorde kan losmaak van die geskiedenis van Israel en die besondere omstandighede of situasies waarin hy optree nie. Jesus het dus nie *ewigheidswoorde* gespreek nie, maar sy woord het net betrekking op sy *eie tyd en tydsgewrig*.

Die eerste wat ons moet onthou is dat Jesus arm was, kind in 'n arm huisgesin. Josef en Maria moes by sy voorstelling in die tempel op die agste dag 'n lam as offer gebring het. Hulle het egter 'n paar tortelduiwe gebring — die offer van armes.

Hulle was nie net finansieel arm nie, maar ook verneder̈d en deur die Romeine verag. Hulle het eintlik geen maatskaplike status gehad nie en die hele volk is in vernedering gehou. Geen opstand is gedoog nie, maar met swaardgeweld onderdruk of deur kruisiging bestraf.

So het Jesus hom met die armes en verarmdes vereenselwig. Sy dissipels het Hy gekies uit diegene wat hard moes werk. Jesus het nooit vir die rykes gesê dat hulle darem so nou en dan iets uit hulle oorvloed aan die armes moet gee nie. Hy het hom inteendeel by die armes geskaar en gesê dat Hyself geen huis het om sy hoof rus te gee nie.

## Politieke status

Die liberalisme wil verder gaan met hulle gedagte wat eintlik direk teenoorgesteld is aan dit wat die kerk leer. Die kerk sê immers in sy arbeid dat Jesus Christus ons aanneem tot sy kinders. *Hulle beweer dat óns Jesus toe-eien en Hy moet aan ons kant staan.*

Daartoe dien daar ook nog die nadruk op sy politieke status.

Ten tyde van Jesus se lewe was die Romeine baas oor Palestina en hulle het Israel met swaardgeweld onderdruk. Israel kon nie 'n vors benoem nie, geen stemreg uitoefen nie. Ook die hoëpriester is deur die Romeine uit goedgesinde partygroepe benoem. So was Jesus ook sonder enige burgerreg en deur wit westelike regeerders van Rome oorheers. Alle wette is deur Rome op die Jode afgedwing.

Nou is dit waar, so beweer die liberaliste, dat Paulus in sy briewe ander dinge aangaande Jesus skrywe: dat Hy byvoorbeeld 'n ander koninkryk verkondig en sy koninkryk van 'n ander orde is. Ons moet ons egter nie aan Paulus steur nie, want hy is 'n onbetroubare getuie, omdat hy 'n Romeinse burger was. As Paulus gegesel word, kon hy hom op Romeinse burgerskap beroep en is alle voorregte dadelik daar aan hom teruggegee.

## Jesus, rewolusionêre figuur

Jesus word nog nader deur die liberaliste betrek om Hom vir hulle toe te eien. Daar word beweer dat Hy nie so 'n Vredevors was as wat in die Evangelie voorgegee word nie. Die maatskappy waarin Hy leef, was vol opstandelinge wat geweld beplan en ook deurgevoer het. Ons moet nie vergeet nie dat Jesus twee van sy dissipels die bynaam „seuns van die donder" gegee het. Ook weet ons dat Rome die rebelle teen sy gesag aan die kruishout gespyker het. Saam met Jesus is ook twee moordenaars gekruisig, wat moontlik in hulle rewolusionêre optrede teen Romeine te staan gekom het. Ook was daar 'n gevangene Barabbas van wie Markus sê dat hy 'n oproermaker was en in 'n opstand 'n moord begaan het (Mark. 15 : 7).

Jesus was dus bekend met al die rewolusionêre aksies om net maar vryheid te herwin en dikwels die reg om op eie grond vry te kan asemhaal. Ons weet nie wat Jesus se eie standpunt was nie, maar Hy het deur al die gisting heen beweeg en ons kan nie verwag dat Hy daadwerklik 'n aandeel daarin kon neem nie.

## Toepassing op Suid-Afrikaanse toestande

Die Swart teologie eien hom Jesus toe op al drie hierdie fronte.

★ Die eerste belangrike feit is dat die Swartman soos Jesus ook arm is, brandarm, onmenslik arm. Daar is 'n paar rykes onder hulle, maar driekwart leef in sodanige armoede dat hulle kinders vanweë ondervoeding vroeg sterf.

★ Meer nog: Jesus se armoede was nie vanweë dronkenskap, luiheid of dat Hy nie tot beter in staat was nie. Dit was politieke armoede vanweë Romeinse belastings, kolonialisme en diefstal. So is ook die Swartman die prooi van politieke armoede. Die witman het eers slawe besit en na vrystelling van die slawe het hy van alle swartmanne en -vroue slawe gemaak. Die Swartman se land is van hom afgeneem en gekoloniseer. Die enigste plek vir die Swartman is om goedkoop arbeid te verrig, en so word die armoede van geslag tot geslag gekontinueer.

★ Dit bring mee dat die Swartman ook nie mag deelneem in die

politiek van sy land nie. Hy word eintlik 'n verontregte mens wat 'n vreemdeling sal bly. Geen wonder dat opstandigheid en rewolusie na vore kom nie. Dit kom altyd by 'n volk wat vanweë politieke druk arm moet wees, sonder burgerskap. Geweld is dan 'n laaste middel en ook 'n geoorloofde optrede.

So word Jesus met die Swartman se toestande geïdentifiseer: Jesus behoort aan die Swartman.

En die Romeine pas weer soos 'n mooi legkaart by die witman. Die Romeinse heerskappy word gelykgestel met die witman se onderdrukking en verslawing.

'n Volgende keer moet ons nog die toepassing ook sien. Dan kan ons die boodskap van Jesus vir die Swartman ook van nader beskou, soos deur die Swart Teologie voorgestel.

## Valse beeld

By dit wat hierbo weergegee is van Jesus Christus het ek niks bygevoeg nie en net maar alles uit daardie geskrifte oorgedra. Elke Gereformeerde, elke Bybelleser sal dadelik sien dat ons hier te doen het met 'n bose motief. Dit is nie Jesus soos wat die Skrif Hom ons laat sien en ken nie. Die boosheid van die Swart Teologie sit daarin dat dit as propagandamiddel teen die witman aangewend word. Dit is ook geen teologie nie, want wat is daarin wat enigsins na *Godskennis* lyk? Dit vermenslik alles en Jesus se Naam kon maar net sowel enige ander naam gewees het. Dit sou eintlik beter gewees het as hulle *Barabbas* as uitgangspunt geneem het en om dáárdie rewolusionêre figuur, wat die volk tog bo Jesus verkies het, 'n politieke teologie gebou het.

Maar Jesus word gebruik. Die Swartman van Afrika moet Jesus gebruik om sy haat te voed en propagandiste gaan geweld ontketen en in opstand kom om alle witmense uit te wis. Almal wat wit is, is ryk, het volle burgerregte en hou die Swartman onder deur hom te verslaaf. In 'n stuk wat ek onder oë gehad het, vra die skrywer elke keer verskoning dat hy wit is. Hy moet probeer om homself te red uit die vuurgloed wat hyself aanblaas.

## Vuurpyle aangesteek

Is dit nie tipies van die antichristelike opset nie? So teken die Skrif daardie aartsvyand: hy sal neem uit die Woord. Die valse profeet sal weet hoe om die Woord te hanteer. Dan sal hy Gods ontfermende liefde in Christus verander in 'n vlam van haat.

Werklik, dit word ernstige tye waarin ons leef. Die vlam van die eindgerig kom in sig.

Gods oordele sal ook nie uitbly nie. Ons lees in Jesaja 50 : 11 *„Kyk, julle almal wat 'n vuur aansteek, wat julle met vuurpyle omgord — wandel in die vlam van julle vuur en onder die vuurpyle wat julle aangesteek het!"*

II

Die Swart Teologie wil die Evangelie voorstel as 'n rewolusionêre ontwikkeling wat 'n totale nuwe orde voorstel. Die Christendom is in sy wese 'n *omverwerping van bestaande ordes* en moet sy boodskap duidelik laat hoor. As die kerk nie hieraan beantwoord nie, word die kerk se werk veragtelik voorgestel.

## Hoe hulle die kerk sien

Ek gee weer die Swart teologie se gedagtes eers. Die kerk is vandag 'n instrument in die hande van blankes, van die besittende klas, van rykes. Al wil hierdie kerk met sending sy liefde vir die Swartman betuig, kan dit net 'n middel wees om die Swartman verder te verneder. Want kyk, die Witman bring sy duisende as offers om die Evangelie van Gods liefde te verkondig, kerke te bou, sendelinge en evangeliste uit te stuur. Die arm swartmense moet maar altyd ontvangers wees en bly en word nooit deur die kerk opgehef om 'n ordentlike staanplek te kry nie. As dit die kerk erns is om verlossing te verkondig, sou dit na soveel eeue se arbeid tog al seker verder gekom het met die swartmense se politieke status.

Wat die kerk moet doen, is dus nie g e e s t e l i k e werk nie. Sy verkondiging het eintlik niks te doen met sonde en verlossing uit sonde nie. Ook Jesus Christus moet slegs 'n aardse koning wees wat alle politieke bande ontbind en 'n uhuru-tyd laat aanbreek. Die kerk moet dus "'n politieke instrument tot revolusie wees wat die Swartman sy heerskappy in die hand sal stop.

## Net praatjies

Daarom, so word beweer, is die bediening van die kerk niks anders nie as 'n oppervlakkige sedelike boodskappie van rykes wat 'n sogenaamde Goddelike liefde verkondig wat nooit op aarde sigbaar word nie. Dit is 'n wêreldvreemde praatjiesmakery wat alleen maar neerkom op bestendiging van die verhouding wit meester teenoor swart slaaf. Dit wat sigbaar is vir hierdie wêreld, waar alles tog op neerkom en die enigste is wat belangrik genoem kan word, is dat die Swartman iemand is wie se maag gevoed moet word, wat beklee moet word en tevrede gehou moet word. Die boodskap kom kortliks hierop neer: Wees geduldig mense. Ons sal probeer om hierdie lewe vir julle leefbaar te maak en die ewigheidstoekoms te verseker.

En so word alles afgetakel tot 'n ronde nul. Hier en daar is daar darem 'n blanke kerk wat hom bekommer oor die politieke status van die Swartman, maar selfs hierdie kerke kom onder die striemende roede, omdat hulle dit halfslagtig doen. Die kerk moet Jesus navolg en Jesus was 'n politieke figuur. (Ons sal dit in 'n derde gedeelte kortliks weergee). Duidelik is dat in die kerk se verkondiging daar maar 'n dun straaltjie hoop vir die Swartman kom. Hy word met bloedweinig weggestuur. Daarom moet die

Swartman hom nie voeg by die blanke kerk nie, op gevaar af dat ook hy veroordeel sal staan as 'n Fariseërkerk-lidmaat wat aan sy eie volk ontrou word.

Die kerk moet dus bewus wees van hierdie heftige agitasie teen hom en sy werk. As die kerk nie 'n politieke instrument wil word nie en dus sy eie roeping prysgee, verloën en verontagsaam nie, staan hy by die Swart Teologie veroordeeld as mede-aandadig aan die onterwing van die Swartman. As die verkondiging van Gods Woord en die bediening van die Evangelie van genade getrou deur die kerk behartig word, word hy vir 'n buikspreker uitgeskel.

## Groot kontras

Die kerk is geroepe om volgens Gods gebod alle toorn, haat, woede en die wrede gevolge van hierdie emosies te veroordeel en te leer dat ons mekaar moet liefhê, ook ons vyande lief te hê, mekaar moet duld en selfs met onderlinge gebreke geduld moet beoefen. Dit tog het Jesus ons geleer.

Swart Teologie laat ons met die teenoorgestelde kennis maak. Hulle eis dat in die Naam van Jesus 'n anti-christelike evangelie geleer moet word. 'n Waarskuwing is uit Amerika afkomstig waar die Negers 'n beweging het met die naam van „Black Power", met die slagkreet „Swart is mooi". Hier het ons 'n rewolusionêre haatveldtog wat nie terugdeins vir geweld nie. Swart Teologie sê dat die kerk dit ook by sy boodskap moet insluit.

## Propaganda teen kerk

Dit klink nou wel mooi dat ons mekaar nie moet haat, nie moet doodmaak, nie vertoorn moet wees nie. Tog aanvaar die Christendom dat geweld onder bepaalde omstandighede geoorloof is. Hier word verwys na geweld teen Kommunisme, teen Nazi-Duitsland en ook na Viëtnam. Swart Teologie wys met die vinger na die terroriste op ons landsgrense en vra wie van ons het beswaar dat die insypelaars wat vir hulle vryheid veg, uitgewis word? Dit skyn dus asof geredelik aanvaar kan word dat geweld soms geregverdig is. Kan die kerk dan protesteer as sommige mense met geweld binne Suid-Afrika optree as hulle meen dat dit die enigste manier is om hulle regte te bekom?

U merk wel dat ons hier te doen het met 'n propaganda teen die kerk. Die kerk is nog altyd erken as Gods kerk en nie 'n politieke vereniging van mense met 'n politieke oogmerk nie. As die kerk ingespan moet word voor die ideale van Swart Teologie, moet hy eers ophou om kerk van Christus te wees. Hy moet Gods Woord toeslaan en Karl Marx se politieke filosofie bestudeer en verkondig.

## Roeping van die kerk

Wat die kerk te doen staan?

Hy moet biddend voortgaan om sy eie van Godgegewe roeping te

vervul. Hy moet vergader die wat na Gods wil na Gods stem wil luister. Hy moet die Swartman ken as mens en as persone wat net so lid van Christus se kerk kan wees, en ook deur Christus as sy kind aangeneem is en word. Dan is swart mooi, omdat God jou so gemaak het. Dan moet by swart en wit dieselfde norme geld vir 'n deuglike, 'n Godvrugtige lewe.

IIII

In die Skrif word ook vermeld van Joodse verwagtings aangaande die Messias: dat Hy Israel sal verlos uit die hande van hulle vyande. Hy sal kom met swaardmag en die koninkryk van Israel herstel in al die glorie, soos ten tyde van Dawid en Salomo Die skrik van Israel sal op die volke val en die Vors sal weer as Maghebber regeer. Dan is Jesus 'n politieke figuur en sy koninkryk is 'n aardse heerlikheid.

Hierteenoor het Jesus gesê dat sy koninkryk nie van hierdie aarde is nie en sy volgelinge sal nie met swaardmag regeer nie. Immers sy volgelinge kom uit alle tale, volke en nasies. Jesus laat ons duidelik verstaan dat *Hy geen politieke vryheidsideale het nie.* Sy woorde moet soos 'n suurdeeg deurdring deur alle kringe en Hyself is Koning van alle konings. As verhoogde Vors aan die regterhand van sy Vader is niks en niemand aan sy mag onttrek nie en almal aan Hom onderworpe.

Nou kom ons by die leerstellinge van die *Swart Teologie* aangaande Jesus. Ons wil drie hoofpunte weergee:

## Jesus en ons menswaardigheid

Almal het deel aan God se liefde en ons waardigheid het daarin sy diepste grond. Ons moet van hierdie liefde nie 'n flou begrip maak, asof dit maar net 'n emosionele daad is nie. God se liefde is die grond van alle geregtigheid en geregtigheid is iets wat brand. Daarom verkry Jesus se woorde hierin al klaar 'n rewolusionêre karakter. Niemand mag ons ons menswaardigheid ontneem nie en ons het ook 'n roeping om aan alle mense die waardigheid te gee. Ten diepste is dit die dryfkrag wat ons inspireer om te lewe en is dit die saak waarvoor ons ook gewillig moes wees om te sterwe.

Die *Swart Teologie* beweer dat Jesus hierdie boodskap aan die onderdrukte en verslaafde Jode kom gee het en dit was soos politieke dinamiet in 'n samelewing wat onder die Romeinse juk gestaan het. Die volk moet hulleself laat geld en indien nodig vir hulle vryheid offer en veg. Hulle is tog meer werd as mossies. Hy wat sy eie lewe liefhet, sal dit verloor, maar hy wat bereid is om sy lewe vir Christus te verloor, sal dit vind. Dit is Christus se rewolusionêre boodskap.

## Jesus en die onderdruktes

Ons het alreeds daarmee kennis gemaak dat beweer word dat

Jesus Hom aan die kant van die onderdruktes gestel het. Hy was tog maatskaplik en polities onder die Romeinse juk en het in sy prediking gesê: „Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van die gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig" (Luk. 4 : 18, 19). So het Jesus by die armes gestaan, by verraaiers, by ontugtiges, by politieke nulle en hulle vertroos en bemoedig.

In besonder het Jesus alle rykdom veroordeel, soos blyk uit die onderhoud met die ryk jong man. Hy moet alles verkoop en aan die armes gee en eers dan kan hy kom en Jesus volg as 'n medearme. Dit is asof Jesus hier sê: Rykdom is 'n belemmering vir iemand om werklik mens te wees.

Jesus vereenselwig Hom nie net met die armes wat juis arm is omdat die Romeine hulle onderdruk nie, maar dring deur tot die wese van die armoede deur die politieke vryheidsberowing van die Romeine as oorsaak daarvan aan te val. Toe aan Jesus gevra is of die Jode belasting aan die keiser moet betaal en daarmee dan te antwoord of die Jode die onderdrukking van die Romeine maar gedwee moet aanvaar, het Hy geantwoord: „Gee aan die keiser wat hom toekom en aan God wat aan God toekom". *Swart Teologie* sê dat Jesus eintlik hiermee sê dat alles aan God behoort en dat daarom aan die keiser presies niks gegee moet word nie! So moet die Jode die Romeinse heerskappy aktief verwerp. Hy was die koning van die Jode en het gekom om die deure van die gevangenis oop te maak en dus 'n rewolusie teen die heersers uit Rome op te stook.

## Jesus se opvatting oor die gebruik van geweld

Jesus het nie gekom om vrede op die aarde te bring nie, maar die swaard. Dit is kort en klein die antwoord aan hulle wat meen dat die Christendom teen alle gebruik van geweld gekant moet wees.

Die *Swart Teologie* wil met 'n beroep op Gods Woord opstand aanblaas teen elke wettige gesag wat die vryheid van die Swartman beroof. Gebruik van geweld is 'n geoorloofde middel en Jesus het dit aanvaar. Daartoe dien die volgende stawende voorbeelde uit Gods Woord.

Jesus het in sy dissipelkring Simon, *die yweraar,* gehad. Hy was 'n lid van die groep bekend as die *Zelote* wat aktief die Romeinse heerskappy beveg het. So was ook Barabbas, wie se naam nou gekoppel was aan Jesus by die verhoor voor Pontius Pilatus, 'n berugte opstandeling. Wonderlik genoeg dat Pilatus juis Barabbas en Jesus op dieselfde stembriefie plaas en dit word beweer dat Barabbas se naam ook Jesus was. Jesus Barabbas was dan 'n berugte opstandeling teen die Romeinse gesag en Jesus Christus was, soos die Jode gesê het, 'n miskenner van die keiser.

Voorts word beweer dat Jesus sy dissipels opgedra het om

hulle klere te verkoop en 'n swaard te koop. In Getsemané het Petrus 'n swaard gehad waarmee hy die hoëpriester se slaaf verwond het. En hoewel Jesus nooit self 'n geweldenaar was nie, het Hy tog onwettige dade gedoen deur bv. op die Sabbat mense te genees en het Hy ook Herodes 'n jakkals genoem. Hy het in die tempel die handelaars en geldwisselaars met 'n sweep te lyf gegaan en daarmee erkenning gegee aan gebruik van geweld in bepaalde omstandighede.

## Toepassing op Suid-Afrika

Nou kan ons afsluit met 'n toepassing, soos Swart Teologie dit aan ons voorhou. In Suid-Afrika het ons die swartmense, arm, ontmenslik en politiek-verontreg. Hulle leef in swart-grotte in Bantoe-woonbuurtes of plase of word opgesluit in „Bantoestans". Die kerk wat hom met hulle lot vereenselwig en Jesus aan hulle verkondig, moet ook hulle stryd tot bevryding stry. Die kerk wat dit nie doen nie, maak sommer Christelike lawaai maar is nie die naam Christelike kerk waardig nie. Die Christelike kerk moet tog die duiwels van ekonomiese en politieke magte beveg en die Satan van rasse-vooroordeel uitwis. Dit beteken dat die kerk die vlam van vryheidsliefde sal moet help aanblaas, en nie vir al die implikasies terugdeins nie. Dis tog duidelik dat daar 'n diepliggende toorn sal ontwikkel as magteloosheid teen die oormag van onderdrukking blyk. Geweld sal ontketen word, maar dit is dikwels die enigste middel wat as laaste toevlug verandering moet teweegbring.

## Groot teenstelling

Ek wou u die magte laat sien wat aan die werk is en wat nie net georganiseer word in politieke partye en drukgroepe nie. Dis nie net wapens wat gesmokkel en opstande wat beplan word nie. Hier word nou propaganda gemaak met die allerheiligste. Die Skrif word misdui. Christus word in die kar van rewolusie ingespan. Die kerk word op 'n syspoor gestoot. Suid-Afrika word met hierdie veldtog opgeroep om oor die hele linie slaggereed te wees.

Die kerk mag nie in sy roeping verflou nie en definitief nie in sy sendingaksie die pas vertraag nie. Dit sal nie baat om op al die onsinnighede van hierdie *Swart Teologie* te wys nie. Ons moet teenoor die rewolusie al hoe meer positief die Evangelie bring. Die vlam van haat wat die laagste emosies van die sondige mens wil laat ontplof, moet bekamp word met die ware opheffende liefde van Jesus Christus wat van die ou mens 'n nuwe mens wil maak.

- *Swart Teologie* wil verbreek en vernietig en op die ruïnes die antichris as koning kroon.
- *Die kerk* wil tot bekering roep en op die vaste fondament van Gods Woord Christus as koning kroon.